



**Uit die hoof se kantoor.**

**20 Oktober 2025.**

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Baie welkom terug by kwartaal 4 van 2025. Met skok praat iemand .... Kersfees is oor 10 weke. Ons leef in so 'n gejaagde wêreld dat tyd by ons verbysnel. Mag die laaste kwartaal vir u elkeen net seën en voorspoed inhou.

Op akademiese vlak is leerders tans besig met laaste werk en dan hersiening en voorbereiding vir eindvraestelle. Mag elkeen ook hier vra waar hulle twyfel en seker wees jy is reg vir jou eindvraestel. Dankie aan elke personeellid wat ook saam met ons leerders die ekstra myl bly loop. Dit is met hartseer dat ons juffrou A van der Merwe groet wat 'n pos by Die Anker aanvaar het. Mag juffrou die nuwe uitdaging geniet met geduld en wysheid. Dankie vir jare se tyd gegun vir ons skool en gemeenskap. Juffrou K Ackerman skuif in haar plek in.

Op kultuurgebied is dit voorwaar 'n besige jaar. Ons gelukwensing aan elke leerder wat by landsfinale hul staal gewys het en ook deel is van ons kultuuraand. Ons het Saterdag gewys ons leerders het nog energie om tot in Oktober hul talente te wys. Ons is uiters trots om te kan sê julle verteenwoordig ons op vele terreine.

Sportgebied is ons tans in die voorbereidingstyd vir atletiek en is ons dankbaar dat ons leerders huissport so positief aangepak het. Ons sê dankie aan elkeen wat deelneem en hul voorberei vir die seisoen wat voorlê en ons interlaer. Ek waardeer elkeen wat hier ook ekstra doen, en by interlaer, om ons skool so te bly dien.

Rugby 7's het plaasgevind en ook die volgende twee weke. 0/11 en 0/12 word hier verteenwoordig. Mag ons weer vra dat ons gedrag op en van die veld sal wees soos van ons verwag. Al voel ons opgewerk, dat ons met afrigters sal praat en nie betrokke sal raak nie. Ek waardeer elkeen wat ons naam gestand doen en ons naam beskerm, ons as skool staan nie vir vuilspel of gedrag wat skade vir name mag meebring nie.

Hokkie daar is Oos-Gautengproewe en wens ons elke dogter net seën en voorspoed toe. Mag jou talente van God ontvang jou hier laat uitstaan.

Gholfliga begin en ons is dankbaar om te noem dat 30 leerders ook hier die geleentheid aangryp om hulself te verbeter en ons skool verteenwoordig. Aan julle ons beste wense.

Ons laaste tenniswedstryde was Vrydag en weereens het ons leerders gewys hulle staan vir niemand terug nie - hul daag op met die gedagte ek kan en ek is hier om kompetierend te wees.

Hengel - baie geluk aan ons 4 spanne wat Top 10 geeëndig het by Champ of Champs. Julle het gewys dat julle die sport geniet en dat julle vis-taal kan praat. Baie geluk aan ons leerders wat ook by die nasionale kompetisie gewys het hoekom julle nasionale erkenning gekry het. Jewan Brummer - Algeheel 1ste. Ewan Koekemoer - Grootste spesievis, Oud leerder Linka van Loggerenberg - swaartse karp. Baie geluk hengelaars.

Krieket, ons sê geluk aan elke span wat werklik sportmangees gewys het tydens ons krieketliga en wat nou deelneem aan Oos-Gauteng se uitspele. Ons moes 'n paar eposse stuur om spanne se uitslae en deelname te bekom, maar ons is nou slag gereed vir die wedstryde - 0/9, 0/10, tweedes en eerstes!

Perdry – 3 van ons leerders het deelgeneem aan SANESA se SA's. Baie geluk aan Cara Keefe, Ava Keefe en Simone Theunissen.

#### Finansies en Poste:

Dit is met hartseer dat ons saam met u al die berigte sien en ingelig is dat ons skole se posvoorsienings verander het. Skole het met skok verneem dat aantal poste toegewys aan skole verminder is. Ook is die staatshulp met twee derdes gesny. Ons het R838 per leerder per jaar ontvang vir 2025. Dit is verminder na slegs R315 vir 2026. Ons verloor 'n pos wat beteken ons moet 'n pos deur beheerliggaamsalaris dra om klasse so klein as moontlik te hou. Ons boufonds / terreinfonds met afrolwerk gaan nou deurslaggewend raak om ons skool so netjies en instand te kan hou. Staat se hulp met afrolwerk, handboeke en leesboek aankope is dus ook met twee derdes gesny. Dit sluit ook in normale erfbelasting en munisipaledienste. Hier vra ons R1000 per leerder per jaar en glo dit kan help met projekte, afrolwerk en instandhouding. Sal op jaarvergadering bevestig word.

Ons Algemene Jaarvergadering oor finansies vind plaas op 5 November (Kworum is nodig). Indien kworum nie bereik is nie, vind die Algemene Jaarvergadering weer plaas op 19 November (sonder kworum) waar ons hierdie sake sal bespreek.

Ons is trots om sê dat ten spyte van druk is die volgende gedoen in 2025. Ons solarstelsel is in werking, boorgat help met waterverbruik, afdak by speelarea word die komende naweek vervang. Muurtjie is gebou as fase een by speelarea, afdak is op by snoepie, pypwerk vervang wat in muur gelek het, interaktieweborde begroot, is op, afdak vir parking voor of nuwe pawiljoene in wording. So is daar oral verbeter en word gebou instand gehou. Sonder u insette, beheerliggaam en hulp en ook ons borge is dit beslis nie moontlik nie. Ons het 'n baie groot borg verloor in 2025 wat groot druk veroorsaak het by sport, voedselprojek en terapeutiesehulp. Daarom is ons dubbel dankbaar vir nuwe borge wat gehelp het.

Mag God se genade met ons wees en bly en mag Laerskool Concordia in God se guns wandel met elk van sy gemeenskap saam met ons.

  
C BLIGNAUT  
SKOOLHOOF